higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 3

(5050063)

13 November 2024 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

138Q1N2413

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 3
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae met aandag deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.
5. Skryf met slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Ondersoek gebeur op die ... van die kognitiewe domein voor.

A kennisvlak
B begripsvlak
C toepassingsvlak
D ontledingsvlak

1.2 ... is 'n voorbeeld van niewaarskynlikheidsteekproefneming.

A Ewekansige steekproefneming
B Stelselmatige steekproefneming
C Toevallige steekproefneming
D Akkuraatheidsteekproefneming

1.3 Die grootste voordeel van 'n onderhoud is dat 'n navorser ...

A op grond van vorige navorsing gevolgtrekkings kan maak.
B van respondente se reaksies kan kennis neem.
C op grond van vorige ontledings gevolgtrekkings kan maak.
D nie gevolgtrekkings kan gebruik wat op grond van huidige navorsing gemaak is nie.

1.4 ... is EEN van die hoofoorsake van die armoede wat nou in Suid-Afrika heers.

A Misdaad
B Geweld
C Werkloosheid
D Mishandeling

1.5 Die Verenigde Nasies se hoofdoel is om ... .

A geletterdheid onder alle mense te bevorder
B armoede te verminder
C tegnologie te verbeter
D vrede oor die hele wêreld te bevorder

1.6 'n Organsasie se ... is wat hy wil bereik deur die werk wat hy doen.

A visie
B missie
C vooruitsigte
D doelwit

1.7 ... navorsing is nie die belangrikste soort navorsing nie.

A Verkennende
B Konstruktiewe
C Empiriese
D Numeriese

1.8 Die behoeftes om aan iets of iemand te behoort, word ... genoem.

A fisiologiese behoeftes
B veiligheidsbehoeftes
C respekbehoeftes
D affiliasiebehoeftes

1.9 Dinge wat keer dat iemand kan leer:

A vermoëns
B gemeenskaplikhede
C mentaliteite
D hindernisse

1.10 'n Omgewing waarin ontwikkeling en groei moontlik is:

A stimulus arm omgewing
B stimulus verrykte omgewing
C stimulus-kognitiewe omgewing
D stimulus-affektiewe omgewing

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Kies die korrekte term van die twee tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Die (bestek/verslag) is die verskil tussen die laagste en die hoogste items in 'n stel data.

2.1.2 (Frekwensiesteekproef/Frekwensieverdeling) is hoe dikwels sekere syfers of waardes in 'n grafiek voorkom.

2.1.3 (Navorsers/Respondente) versamel data en inligting om kennis te verwerf en oor te dra.

2.1.4 Armoede kom die meeste in (landelike/stedelike) gebiede voor.

2.1.5 Mens moet 'n (armoedetoets/middeletoets) slaag om 'n sosiale toelaag te kan ontvang.

2.1.6 'n (Aanspreeklike/Erkentlike) regering moet rekenskap gee aan die mense wat hom verkies het.

2.1.7 'n Kind begin op die (moetweet-/estetiese) vlak om kuns, musiek, kultuur en skoonheid te waardeer.

2.1.8 (Onkunde/Spot) beteken geniepsige aanmerkings of gedrag.

2.1.9 (Epilepsie/Outisme) is 'n soort geestesiekte wat veroorsaak dat iemand in hom of haarself gekeer is en kontak met ander vermy.

2.1.10 Mense met 'n gehoorgestremdheid gebruik (Braille/gebaretaal).

(10 × 1) (10)

2.2 Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.20) in die ANTWOORDBBOEK neer te skryf.

2.2.1 Welstand behels fisieke, emosionele, geestelike en geestesgesondheid.

2.2.2 MIV en VIGS oefen geen groot invloed op Maslow se behoeftehiërargie uit nie.

2.2.3 Min gesondheidsprobleme in die wêreld is die gevolg van honger en wanvoeding.

2.2.4 Sistemiese hindernisse is al die gestremdhede by 'n individu.

2.2.5 Mense met gestremdhede het net soos niegestremdes ook liefde, aanvaarding en ondersteuning nodig.

2.2.6 Drankmisbruik en armoede kan keer dat ’n mens normaal ontwikkel.

2.2.7 Die algemeenste veranderlikes is konkrete, deurlopende en attribuutveranderlikes.

2.2.8 Navorsing wat nie 'n hele populasie verteenwoordig nie, bly geldig.

2.2.9 Honger en wanvoeding is die grootste oorsake van baie gesondheidsprobleme wêreldwyd.

2.2.10 Een navorsingsverslag kan dieselfde wees as 'n ander navorsingsverslag.

2.2.11 Om te keer dat begaafde leerders belangstelling verloor, moet hulle leerervarings stimulerend wees.

2.2.12 'n Gewigstoename is 'n algemene simptoom van VIGS.

2.2.13 Mense het verskillende sienings oor die omvang van armoede.

2.2.14 Betaling beteken finansiële vergoeding vir die dienste wat gelewer is.

Kopiereg voorbehou

2.2.15 Armoede kom die algemeenste voor op die hoogste vlak van Maslow se behoeftehiërargie.

2.2.16 Armoede oefen 'n geweldige invloed uit op die ontwikkeling van nie alleenlik die individu nie, maar ook op die ontwikkeling van die samelewing in sy geheel.

2.2.17 Deprivasie beteken mens het alles wat jy nodig het om te oorleef.

2.2.18 Verskeie sosiale en sielkundige faktore bepaal 'n individu se persepsie van sy omgewing.

2.2.19 Ekonomies aktiewe bevolking verwys na mense wat werkloos is.

2.2.20 'n Beperkte dieet is die gewone manier om ondervoeding te behandel.

(20 × 1) (20)
[30]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n term in KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Skande of oneer wat met iets geassosieer word	A	selfverwyt
3.1.2	Om jouself vir iets te blameer	B	ontspanning
3.1.3	Om mense met gestremdhede te help om groter beheer oor hulle eie lewensomstandighede te hê	C	broodlyn
3.1.4	Wat met die menslike gees te doen het	D	uitbuiting
3.1.5	Mense wat navorsers se vrae beantwoord	E	verligting
3.1.6	Pret- of ontspanningsaktiwiteite	F	welstand
3.1.7	Ooreenkoms op grond van 'n goeie begrip van die feite	G	ingeligte toestemming
3.1.8	Minimumvlak vir 'n behoorlike lewenstandaard	H	geestelik
3.1.9	Om misbruik van iemand te maak	I	respondente
3.1.10	Proses om 'n situasie makliker te kan hanteer	J	stigma
		K	bemagtiging

(10 × 1) (10)

3.2 Voltooi die volgende sinne met die woorde in die lys hier onder. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

verifieer; kognitiewe; kopiereg; gebreksbehoeftes; epilepsie; outisme; voorstel; volhoubaarheid; ekstrinsieke; godsdiensvryheid; toespraak; etiek

3.2.1 Die ... domein het te maak met spierontwikkeling wat met verstandelike prosesse geassosieer word.

3.2.2 Om deur direkte of indirekte ondervraging inligting by spesifieke mense te kry, word 'n ... genoem.

3.2.3 ... verwys na 'n manier van leef wat mense se behoeftes bevredig

Kopiereg voorbehou

3.2.4 ... beteken jy kan enige geloof aanhang en glo net wat jy wil.

3.2.5 ... faktore het betrekking op omgewingsfaktore wat mense se lewens beïnvloed

3.2.6 ... verhoed dat mense die volgende vlak in Maslow se behoeftehiërargie bereik

3.2.7 Om te ... beteken dat mens ondersoek of iets die waarheid is

3.2.8 ... is 'n siekte van die sentrale senustelsel wat onbeheerste, hewige bewegings van die liggaamsdele tot gevolg het.

3.2.9 ... verwys na die etiese beginsels wat iemand se gedrag beheers.

3.2.10 Die eksklusiewe reg wat aan die skeppers van oorspronklike materiaal verleen word, word ... genoem.

(10 × 1) (10)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 4

Bestudeer die volgende tabel en beantwoord die vrae.

4.1 As mens 'n bron moet evalueer, kan jy die CARS-kontrolelys gebruik. Dit is 'n eenvoudige kontrolelys van die eienskappe wat 'n mens wil hê.

Voltooi die volgende tabel wat op die CARS-kontrolelys gebaseer is. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

Eienskap		Wat mens wil hê		Doelwit	
4.1.1	(1)	4.1.5	(2)	'n Gesaghebbende bron: Bron met goeie bewyse waarop mens kan vertrou	
4.1.2	(1)	Feitelik, gedetailleerd, presies, omvattend		4.1.6	(2)
4.1.3	(1)	4.1.7	(2)	'n Bron wat 'n onderwerp op 'n besinnende en redelike manier behandel	
4.1.4	(1)	Gelyste bronne, kontakinligting, dokumente wat verstrek is		4.1.8	(2)

(12)

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Mpho besef dat sy die naelsalon wat sy besit, kan verbeter deur navorsing te doen.

4.2 Noem DRIE redes waarom 'n besigheid soos Mpho s'n verbeter kan word deur navorsing te doen. (3 × 2) (6)

4.3 Daar is TWEE hoofsoorte navorsing: primêre en sekondêre navorsing.

4.3.1 Onderskei tussen hierdie twee soorte navorsing. (2 × 2) (4)

4.3.2 Watter een van hierdie twee sal die beste soort navorsing vir Mpho se besigheid wees? (1)

4.3.3 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 4.3.2. (2)

4.4 Noem VYF kenmerke van armoede. (5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 5

Bestudeer die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Jy is 'n opvoeder by 'n bekende skool en streef daarna om 'n etiese onderwyser te wees wat etiese beginsels in jou werk toepas.

5.1 Sê hoe jy die volgende etiese beginsels kan toepas terwyl jy skoolhou:

5.1.1 Respek vir menseregte en ander se menswaardigheid

5.1.2 Bewaar die integriteit van die onderwyser-leerderverhouding

5.1.3 Pas 'n baie goeie professionele kennis toe

5.1.4 Ontwikkel 'n gesonde selfbeeld by leerders

5.1.5 Verlig hulle swaarkry en lyding

5.1.6 Omarm diversiteit

(6 × 2) (12)

5.2 Noem SEWE kenmerke van mense wat hulself aktualiseer. (7 × 2) (14)

5.3 Definieer elk van die volgende terme:

5.3.1 Gebreksbehoeftes

5.3.2 Groeibehoeftes

(2 × 2) (4)
[30]

VRAAG 6

6.1 MIV word op verskillende maniere oorgedra.

Onderskei tussen die maniere waarop MIV oorgedra word en die maniere waarop dit nie oorgedra word nie. Skrif slegs 'Oorgedra' of 'Nie oorgedra nie' langs die vraagnommer (6.1.1–.6.1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

6.1.1 Hoes

6.1.2 Seks

6.1.3 Bloed

6.1.4 Om saam met 'n geïnfekteerde persoon te bly

6.1.5 Moeder-na-kind

(5 × 1) (5)

Bestudeer die volgende stelling en beantwoord die vrae.

Alle leerders moet kans kry om hulle sterk punte uit te bou. Die belangrikste is nie die soort gestremdheid nie, maar die ondersteuning wat 'n leerder nodig het om te slaag.

6.2 Bespreek die relevansie van hierdie stelling ten opsigte van die volgende aspekte:

6.2.1 Ondersteuning

6.2.2 Soort skool

6.2.3 Verskillende leerbehoeftes

6.2.4 Sosio-ekonomiese agtergrond

(4 × 2) (8)

Bestudeer die volgende stelling en beantwoord die vrae.

Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) definieer gesondheid as 'n toestand van volkome liggaamlike, geestelike en sosiale welstand, en nie bloot 'n toestand wat vry is van siekte nie.

6.3 Verduidelik wat gesondheid beteken aan die hand van die volgende:

6.3.1 Fisieke gesondheid (2)

6.3.2 Geestesgesondheid (2)

6.3.3 Sosiale gesondheid (2)

6.3.4 Staaf elke antwoord met 'n voorbeeld uit die daaglikse lewe. (3 × 1) (3)

6.4 Die regering betaal verskeie toelaes uit aan Suid-Afrikaners.

6.4.1 Dink jy dat sosiale toelaes armoede in Suid-Afrika verlig? (1)

6.4.2 Motiveer jou antwoord. (2)

6.5 Benoem elk van die volgende toelaes. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.5.1–6.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.5.1 Mens moet 'n mediese verslag toon waarin jy permanent of tydelik gestremd verklaar word.

6.5.2 Vrouens moet ouer as 60 en mans moet ouer as 65 wees, en hulle moet SA burgers wees.

6.5.3 Jy het 'n kind met 'n gestremdheid en mediese verslae wat dit staaf.

6.5.4 Jy het 'n pleegkind met bewyse van 'n hof.

6.5.5 Jy beleef 'n krisis en ontvang vir drie maande hulp.

(5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 7

7.1 Kies die korrekte woord tussen hakies en skryf dit langs die vraagnommer (7.1.1–7.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

7.1.1 Armoede is ‘n (skaarste/oorvloed) aan basiese noodsaaklikhede soos kos, skuiling en klere.

7.1.2 Regerings gebruik die (middeletoets/broodlyn) as 'n ekonomiese aanwyser om sosio-ekonomiese hervormings in te stel.

Kopiereg voorbehou

7.1.3 'n Navorser moet (sistemies/sistematies) te werk gaan as hy of sy navorsing doen.

7.1.4 (Ontwikkelde/Ontwikkelende) lande is gewoonlik arm en probeer om sosiale, tegnologiese en ekonomiese vooruitgang te maak.

(4 × 1) (4)

7.2 Arm mense sukkel om hulle holistiese welstand te handhaaf.

7.2.1 Verduidelik die konsep *armoedesiklus* (*'cycle of poverty'*). (2)

7.2.2 Noem DRIE moontlike oplossings vir hierdie probleem.

(3 × 2) (6)

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Armoede is relatief omdat mense se siening oor die mate van armoede verskil.

7.3 Verduidelik hoe jy hierdie stelling verstaan. (2 × 1) (2)

7.4 Maak 'n onderskeid tussen *absolute*- en *relatiewe armoede*. (2 × 2) (4)

7.5 Evalueer op grond van Maslow se behoeftehiërargie die invloed wat armoede op gesinne het. (3 × 2) (6)

7.6 Beskryf hoe die volgende beginsels van die NKV ('NCS') die lewe van arm gesinne kan verbeter:

7.6.1 Sosiale geregtigheid

7.6.2 'n Hoë vlak van vaardighede en kennis

7.6.3 Inklusiwiteit

(3 × 2) (6)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou